# Stap in monochroom

Kranige stappers sal jou vertel elke staptog is uniek. Dis waar, maar Heuningland se volmaanstaptog is 'n eiesoortige ervaring wat jou met ander oë na die Karoo laat kyk.

DEUR **ZIGI EKRON**



Dis skuins ná eenuur op 'n Sondagoggend diep in die Karoo. Die maan is byna vol, maar hy speel wegkruipertjie en gooi silwer randjies om wolke wat soos die slierte van geskeurde vlae teen die donkergrys lug hang.

Sewe mense stap in stilte op 'n verlate tweespoorpaadjie waar plaasbakkies selfs in die dag selde ry. Sjoef-sjaf, sjoef-sjaf knars hulle skoensole oor die gruis. Dan klink die stem van 'n liggaamlose vrou met 'n swaar Amerikaanse aksent skielik helder op. In die kantsakkie van Estelle van Dyk se rugsak gloei haar Samsung-selfoon met 'n ligblou skynsel: "You have have walked two kilometres." Eintlik het Estelle-hulle al tien kilometer agter die blad, want gister, toe hulle hier op Bergvallei aangekom het, het hulle reeds vroegaand 8 km gaan stap.

'n Mens kry Bergvallei nie op Google nie. Jy het kaart 3222AA "Reiersvlei" van die departement landelike ontwikkeling en grondhervorming nodig. Dan sal jy sien die plaas lê in 'n hoekie van die Nuweveldberg op die grens tussen die Wes- en Noord-Kaap, neffens die Karoo- nasionale park in die omgewing "Brandewyns Ghat".

As dit na te veel moeite klink, kan jy net 'n reguit, denkbeeldige lyn van Beaufort-Wes na Fraserburg trek – Bergvallei lê net noord van die halfpadmerk. Die belangrike ding is, dit is ver, ver weg van enige verkeer, dorpsgeraas of selfoonseine.

Vannag se roete is 'n rapsie minder as 18 km lank, en kronkel met 'n wye boog oor die provinsiale grens tussen die Wes- en Noord-Kaap en dan weer terug tot by die oornagplek by Bergvallei se opstal.

Trouens, elkeen van die 5 skofte van die 65 km se stap begin en eindig by die opstal wat as basiskamp dien.

Dié stappery in die maanlig is die geesteskind van Douwe Vlok en sy vrou, Liezl, wat Heuningland-toere saam bedryf en sedert 2017 stappers en toeriste in die hartjie van die Groot-Karoo – hulle hartsplek – verwelkom. Estelle het al twee keer die 103 km lange Heuningland-staproete kom doen om geld in te samel vir droogtehulp, maar 'n mens kan dít net in sekere tye van die jaar doen sonder om te verskroei of te verkluim. Daarom het Douwe-hulle dus met 'n plan vorendag gekom vir 'n staptog in die vroegaand of vroeë oggendure vroeg in die herfs of laat in die lente.

**Sjoef-sjaf, sjoef-sjaf,** klink die voetval met die tweespoorspad langs terwyl die maan op die kliprandjies saambons. Die landskap skuif stadig verby in monochroom skakerings soos 'n swart-wit foto. Nou en dan skakel iemand 'n koplampie aan om rigting te hou, maar wanneer die maan reg van voor agter die wolke uitloer, trek 'n mens onwillekeurig jou hoed laer oor jou oë om te keer dat dié helder lig nie jou nagsig beduiwel nie.

Die geselskap is opgewek en gaaf, maar niemand dink snaaks as jy 'n bietjie alleen wil stap net met jou maanligskaduwee en eie gedagtes nie. Dan kom sit Cat Stevens se liedjie in jou kop en voor jy jou kom kry, neurie jy saggies... "I'm bein' followed by a moonshadow, moonshadow, moonshadow. Leapin' and hoppin' on a moonshadow, moonshadow, moonshadow..."

Omdat dit 'n slenterstaproete is, dra niemand hulle dood nie. Net 'n rugsak met 'n waterbottel of twee, iets om aan te peusel, 'n kamera, 'n




Vars rivierwater



warm ding vir ingeval die aandlug begin byt en dalk iets vir innerlike warmmaak as die koue dan nou werklik nie wil wyk nie.

Die res van jou pakkaas los jy in jou tent by die opstal.

**By 'n droë loop** van een van die Leeurivier se sytakke is dit tyd vir rus en koffie drink.

Nicolette Simonis lê op die naat van haar rug en soek na verskietende sterre en satelliete. Dis maklik om hulle hier te gewaar, want die naaste stadsliggies is ver anderkant die verste randjies en kan nie die naghemel "besoedel" nie. Soos Ria Grobler, nog een van die stappers, sê: "Hier voel 'n mens naby aan die aarde én aan die hemel."

'n Hele ruk later, wanneer die stem uit Estelle se rugsak weer van haar laat hoor om te sê daar is al 12 Karoo-kilometers agter die rug, begin die swart-en-wit landskap verkleur na goud, geel en oker.

'n Ligte misreën stuif neer en kort voor lank strek 'n reënboog van punt tot punt voor die horison.

Dis aardig om te dink die vrou van daardie stem wat so getrou saamstap, heel moontlik geen benul het waar die Karoo is nie en sal in alle waarskynlikheid nooit hierdie uitsigte beleef nie. Al die tegnologie in die wêreld kan nie die reuk van die klam grond, die gevoel van die swiepende gras teen jou bene of die Karoo se ooptes in 'n app op jou foon vasvang nie.

Sjoef-sjaf, sjoef-sjaf – nog vyf kilo's tot by Bergvallei se opstal. Hier en daar wip 'n haas deur die lang gras of skarrel 'n veldmuis uit die pad. Gister het twee koedoes ook vinnig oor 'n randjie verdwyn toe hulle die geselsende stappers gewaar. Hier is ander bokke ook, maar hulle is menssku en hou hulle skaars.

In die sagte grond is 'n katspoor. Dit lyk te groot vir 'n rooikat – dalk 'n luiperd? Die groot rivier heet nie om dowe neute die Leeurivier nie.

Dit is, of altans wás, leeuwêreld hierdie en dit is ook die einste geweste waar Sylvester, die Karoo-nasionale park se bekende Houdini-leeu, in 2015 rondgeloop het voordat hy uiteindelik ná bykans 'n maand gevang is. Hier en daar in die veld lê 'n verbleikte skaapskedel of 'n paar beendere – moontlik die prooi van roofdiere wat in randjies skuil of dalk net die nadraai van die ongenaakbare natuur en die lang droogte.

Die rivierlope is nou grotendeels droog, maar oral is opdrifsels van toe groot water 'n maand of twee tevore hierlangs afgekom het ná die broodnodige reën.

In die veld om jou is die aarde se dankbaarheid sigbaar. Dis groen – heelwat groener as wat 'n mens van die Karoo sou verwag.

**Hier is baie wat** 'n mens van die Karoo verras. Die landskap is nie die een wat teen 120 km/h tussen Leeu-Gamka en Beaufort-Wes by jou motorruit verbyswiep nie. Met een kilometer verwonder 'n mens jou met 'n sug van genoegdoening aan die wye ooptes om jou en dan, met die volgende, bevind jy jou eensklaps in 'n kloof tussen ruie bome wat met verstrengelde takke 'n koepel bo jou kop weef. Wanneer die pad dan weer tot bo-op een van die hoë koppe kronkel, strek die landskap soos 'n oneindige reliëfkaart voor jou uit.

'n Mens wil-wil jou hand uitstrek om met jou vingerpunte oor die kontoere van die verste koppies en randjies te streel en hulle deur die kurwes van die klowe te trek.

Die derde aand se stap neem jou laatmiddag tot by die baken op een van die hoogste koppe in die omtrek. Terwyl jy jou toebroodjies hier sit en eet en 'n skraal windjie aan jou moue pluk, voel dit asof 'n mens, met die dag se laaste lig, oormôre op die verste horison kan sien aankom.

Jy wil jou verbeel as jy omdraai en lank genoeg stilsit, sal jy jou gisters soos 'n string krale agter jou sien lê. Dit is moeilik om nie digterlik te raak wanneer jy die Karoo-son in die weste sien sak en dan, net 'n paar minute later, die maan se groot geel bal aan die ander kant van die kop sien opkom nie. Maar dit is eers op die derde dag. Intussen lê daar nog 'n hele paar kilometers voor.

Sjoef-sjaf, sjoef-sjaf met die plaaspad langs, verby die windpomp en die sementdammetjie tot by Bergvallei se opstal, waar Liezl en Douwe regstaan met warm koffie en ontbyt. In die eetkamer kreun die tafel onder die warm, vars brood wat Douwe in 'n groot gietysterpot oor die kole gebak het. Konfyt, beskuit, vrugte, ontbytgraan, sap, spek-en-eiers en oorskiet van gisteraand se braai staan reg. Niemand ly honger op 'n Heuningland-staptoer nie.

Op die groot stoep met die skaduboom in die middel sak die stappers in hulle kampstoele neer en skop hulle skoene uit. Gert van Dyk week sy moeë voete in 'n skottel-tjie water. Versadig en verkwik ná 'n warm bad verdwyn die mense een-een om te gaan skuinslê ná die oggend se stap. Maar dis nog lank tot die volgende skof voor môre se sonsopkoms begin. Sal die res van ons maar eers nog 'n bietjie hier op die stoep bly sit en luister hoe die vinke kwetter? Dalk 'n bietjie boeklees, familie uitlê, swem en later 'n biertjie knak? Ja wat, ons het dit immers verdien!





## WEET VOOR JY WAAI

**Hoe werk dit?** Die dag waarop almal aankom, is daar 'n opsionele laatmiddagstap. Op dag 2 en 3 begin 'n mens rondom 2 vm. in die nag te stap. Dag 3 het 'n tweede skof wat om 5 nm. wegspring en op dag 4 stap jy ook daardie tyd. Al die roetes loop met tweespoorpaaie langs.
**Waar?** Op die plaas Bergvallei, sowat 60 km noordwes van Beaufort-Wes. Douwe en Liezl stuur volledige aanwysings sodra jy bespreek het. Jy het 'n ryding met 'n goeie grondvryhoogte nodig om hier uit te kom.
**Wanneer?** Die volgende volmaanstap word beplan vir 17-21 November 2021, 16-20 Januarie 2022 en 14-18 Februarie 2022.
**Blyplek?** Stappers bring hulle eie tente en beddegoed. Die ou plaashuis se badkamers en kombuis is wel tot hulle beskikking, so ook die plaasdam.
**Wat kos dit?** R4 435 p.p. (2021) of R4 735 p.p. (2022). Dit sluit drie etes per dag in, plus aandete voor die eerste nagskof en ontbyt op die laaste oggend voordat jy huis toe gaan.
**Kontak** ✆ 072 243 5251; heuningland.com

## WAT SÊ DIE MENSE?

***Estelle van Dyk, boervrou***
*"Toe daai superlig van agter af begin skyn en jy jou eie skaduwee voor jou sien en jy besef: Dit is groter as énige flits wat jy in jou hand kan hê... dit was 'n ongelooflike ervaring. 'n Mens moet na aan die natuur kom om te besef hoe klein jy is."*

***Daleen van Zyl, beesboer***
*"Dit was wonderlik om vir vier dae weg te wees waar niemand my in die hande kon kry nie, maar waar ek myself kon vind. Dit was goed om te sien hoe min jy werklik nodig het."*

***Dirk van Zyl, rekenmeester***
*"Ek voel uitgerus en tevrede. Die feit dat hier nie selfoonontvangs is nie, is 'n bonus. Hier is nie ander mense nie, dis eintlik nog weggesteek van die wêreld. Die omgewing gaan my bybly, die vrede, die lekker en die mooi."*







Wynand Jacobus Roedolf Vievier was maar 23 toe hy hier begrawe is.



Douwe Vlok stook die vuur.